

Water en erediens

Cas Wepener

PP

Ons is op 'n **spesiale plek** vergader gegewe ons onderwerp. Ja, natuurlik is ons by die Grootrivier en die dam en digby die droogte. Wat water aanbetref pas hierdie plek ons tema perfek. Die plek is egter al spesiaal gewees nog lank voor die eerste boere mielies in die Vrystaat geplant of iemand 'n dam in die Oranjerivier gebou het.

In haar bekende *Plains of Camdeboo* skryf Eve Palmer dat die Boesmans, oftewel **Sankwas**, geglo het dat hulle na hul dood na 'n plek gaan iewers op die oewers van die Gariep. Ja, ons het vergader in die Boesman of San hemel.

Water was nog altyd **essensieel tot meeste godsdienste** en dit is ook waar van die Christelike godsdienste. Die waters by die skeppingsverhale van **Genesis**. In die **Zoeloe** tradisie het die eerste mens uit 'n rietpoel gekom. Die **Styx** wat oorgesteek word na die onderwêreld in die Antieke tyd. Die Indus in die **Hindoe** geloof. En so kan ek aangaan.




PP

Ek wil vandag iets baie spesifiek in my aanbieding doen. En my **metafoor** wat my kan help daarmee is 'n **net**. 'n Net waarmee jy visvang en wat wanneer dit in die water lê onsigbaar is, maar sodra jy hom uit die water trek sien jy die netwerk van toue. Water in die liturgie en waterrituele kan ook so funksioneer. As jy aan hulle begin trek deur hulle te beskryf, dan raak 'n hele netwerk

sigbaar wat andersins onsigbaar onder die oppervlak lê. En ek wil daardie net vandag uit die water trek en vir julle wys.

PP

Maar voor ek my storie heeltemal vooruit loop, eers enkele woorde oor die **Praktiese teologie** en om net te verduidelik wat ek wil pleeg in my toegelate 60 minute.



Praktiese Teologie

In Praktiese Teologie vandag gebruik ons amper almal **Rick Osmer** se werk (lees gerus ook onder andere Dingemans, Hendriks, Heitink, Lartey, Miller-McLemore en Root, almal puik). Osmer verwys na 4 sogenaamde take van die Praktiese Teologie wat 'n mens baie eenvoudig as 4 vrae kan formuleer. En ek wil vandag na al 4 vrae tov my onderwerp kyk. Die vrae en hoe ek hulle gaan beantwoord is:

Vraag 1: Wat gaan aan? Ek gaan saam met julle kyk na wat aangaan in die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika en ook in Afrika Onafhanklike kerke ten opsigte van die gebruik van water in liturgie.

Vraag 2: Hoekom gaan dit aan? Ons pak tussendeur 'n bietjie Gereformeerde en Afrika teologie uit om nader aan die kap van die byl te kom en veral ook 'n paar insigte uit die Antropologie.

Vraag 3: **Wat behoort aan te gaan?** Wel, ek gaan nie voorskryf nie, maar ek glo ons kan baie in die Liturgiewetenskap leer so ek kyk weer na 'n paar kern begrippe.

Vraag 4: **Wat sal ons doen?** Ek gaan 'n soort liturgiese oudit voorstel, maar ek sal nog daarby uitkom.

A. Wat gaan aan?

Gereformeerde tradisie

Daar is **twee geleenthede** in die liturgie in die Gereformeerde tradisie wêreldwyd waartydens water gebruik word. Ek bedoel nou spesifiek simbolies en sluit dus nou die glasie water op die preekstoel sodoende uit. En ook allerlei baie nuwe ontwikkelinge wat nie wyer ingang gevind het nie.

PP

Die eerste een is bekend, naamlik **die doop**. “Ek doop jou in die naam van die Vader, die Seun en die HG. Jy behoort nou aan God en ons eien vanoggend al Sy belofte vir jou toe.” Daar sien julle hoe 'n **Nederlandse prins** deur 'n dominee gedoop word by die font en met sy lang oorspoelende dooprok. Die betekenis hier is dat die doop verseël wat in die verbond beloof is. Jou heil hang dus nie van jou doop af nie en daarom is die Gereformeerde tradisie ook nie so lief vir iets soos nooddoop nie. Die doop beseël dit wat in die verbond gegee is. Die te groot dooprok se mooi simboliek is die van die **vloed waardeur gered** word.

Gekoppel aan die water van die doop is daar 'n hele repertoire ouer en nuwere gebruike wat ons ook aantref in die gereformeerde liturgiese tradisie. Ons dink aan:

- verbondsvernuwingsdienste
- doopherinnerings
- herinnering aan die doopbeloftes tydens BvG

Daar is nog, maar in essensie is hulle almal gekoppel aan die kern ritueel oftewel sakrament van die doop.




PP

Die tweede is minder bekend, maar is ook deel van ons tradisie indien ons verder as slegs Suid-Afrika kyk, alhoewel baie liturje dit ook reeds doen. Dit is natuurlik **met die dood**. Met die aanvang van die dankdiens of begrafnisdiens is die heel eerste dinge wat die liturg doen om na die vont te loop, haar hande in die water te druk, dit te laat drup en te sê: *“Jare gelede is Cas in die Moedergemeente op George gedoop. Hy het daardie dag alreeds met Christus gesterf sodat hy vir ewig met Hom sal lewe.”*

Wat ek hier beskryf is **geen nuwigheidjie nie**. Neem enige goeie Liturgiewetenskap handboek en jy sal hierdie gebruik in die Protestantse tradisie daar teëkom. Die rede is voor die hand liggend, en natuurlik omdat die koppeling van doop en dood alreeds in die Bybel voorkom en die doop vergelyk word met sterf met Christus.

Hier is ’n voorbeeld van ’n **doopvont gebou in die vorm van ’n doodkis**, ’n stuk teologie van die doop in steen.



Hierdie was die maklike tradisie wat ek met twee kwashale beskryf. Water by die doop met die ryke simboliek van die sakrament. Water wat ook en al hoe meer gekoppel word aan die dood. Nou vir so 'n bietjie meer water wanneer ek na die Onafhanklike kerke gaan.

AOK tradisie

In navorsing wat ek in 'n AIC in Suid-Afrika gedoen het, het ek nie minder as **sewe groepe waterrituele** gevind nie. (Die dieper delwers onder julle kan maklik 'n artikel wat ek hieroor saam met oom Bethel geskryf het, opsoek in die NGTT).

Kom ek begin deur net die 7 groepe waterrituele te beskryf.

PP

1. Reinigingsrituele buite die erediens

Hierdie gebeur buite die kerkgebou. Die priester seën die water en gooi sprinkel dit oor jou gesig en lyf, jy draai om en ook agter op jou lyf en dan op jou hande. Hierdie ritueel is nodig vir:

Iemand wat 'n begrafnis bygewoon het en weer in die kerkgebou wil kom

'n Vrou wat geboorte geskenk het of wat menopouse ingaan.

Enigeen wat in 'n hof was

Enigeen wat in 'n tronk was

'n Seun wat vanaf inisiasie terugkeer

Enigeen wat gesondig het.

2. Reinigingsrituele in die erediens

Soms is dit nodig, veral wanneer daar iemand is wat deur 'n kwaadwillige gees beheer word, dat water oor die persoon gesprinkel word as deel van 'n liturgiese ritueel tydens die diens. Die waterritueel het altyd met sogenaamde 'cleansing' of reiniging te make.

3. Voetewassing

Tydens elke Goeie Vrydag liturgie word in baie kerke elke lidmaat se voete gewas. Hulle teksverwysing is Johannes 13... Nie net my voete nie Here!

4. By die onthulling van grafstene

Dit word dikwels verduidelik as 'n beskerming van die oorledene en om die oorledene op 'n sekere stadium na sy/haar dood huis toe te neem en as voorouer weer te koppel aan die oorlewendes. Hier is dit nodig om die geesteswêreld van Afrika te verstaan en te weet dat die mense nie die dualistiese Westerse denke in hulle teologie inbring nie, maar dat die empiriese en meta-empiriese as een geheel geneem word.

5. Genesing

Siekte is die gevolg van die afwesigheid van totale harmonie in mense se lewens. Die afwesigheid van die lewenskrag, die amandla, is wat kort. Water word elke Sondag as deel van die liturgie in 'n genesingsritueel gebruik. En die kern daarvan is om die balans van die lewe te herstel en mense aan mekaar te koppel.

6. Met Nuwejaar

Elke Nuwe Jaar spring die hele gemeente van Phepheni in die diep Oos-Kaap as deel van 'n erediens in die nabygeleë rivier. Ek vra hulle tydens 'n besoek nou vir wat doen julle dit? Die antwoord? Daar in die rivier los ons 2015 en al sy bekommernisse en ons gaan 2016 skoon tegemoet. (Ek oorweeg om dit aan te beveel vir die NG Kerk se Eredienskommissie sodat hulle dit in die volgende hersiening van ons eredienshandleiding kan opneem).

7. Doop

En dan natuurlik die doop, maar dit gaan my 'n hele oggend neem om net dit te beskryf en te verduidelik. Levitikus speel 'n kern rol in die ontwerp van hierdie dienste en die natuur word sover moontlik geïntegreer, die see, die rivier, die nabygeleë waterval ens ens.

Dis my storie oor wat aangaan alla Osmer. Nou vir **waarom gaan dit aan?**

B. Waarom gaan dit aan?

Natuurlik moet ons die twee tradisies uitmekaar hou hier en sal dit onmoontlik wees om die vraag volledig te beantwoord.

- Om die **eerste** te verstaan moet ons vanaf die **Bybel en Calvyn se sakramentsteologie en die Liturgiese Beweging** alles in kaart kry.
- En wat die AICs aanbetref natuurlik hulle **gekontekstualiseerde teologie**.

Ek gaan egter **slegs kyk na hoe die gebruik van water in rituele en sakramente** in die onderskeie tradisies **verbindings maak en bande smee**. Die konsep **sosiale kapitaal** kan hier handig wees. Hierdie invalshoek verduidelik deels die huidige gebruike.

PP

Wat die eerste voorbeeld aanbetref, beteken doop **verskeie verbindings** wat gelê word en dalk meer as wat ons dikwels besef.

- In die Gereformeerde tradisie beteken die verbond onder meer **inlywing in** en is die doop die teken en seël van daardie werklikheid.
- Die verbinding is verder tussen die **dopeling en die liggaam van Christus**,
- maar ook tussen die **dopeling en God**
- en ook opnuut tussen **die gemeente en God en die gemeente onderling**
- en as liturgiewetenskaplike sal ek 'n laaste klem ook wil lê, naamlik die onderlinge verband tussen **liturgie en lewe en dat die doop dus etiese implikasies het**. Dit beteken dat die doop die dopeling ook op 'n spesifieke wyse vasknoop aan hierdie lewe en hierdie aarde van ons.

In die AICs is dieselfde koppeling daar, maar daar is ook veel meer. Die bekende Ritueel-kenner Grimes skryf in sy pragtige boek oor oorgangsrituele getiteld *Deeply into the bone: "To be cured is to be fixed, to be healed is to be reconnected."* Hier is myns insiens 'n sleutel. Ook **John Mbiti** skryf oor die rol van rituele in Afrika wat daarop gemik is om die **ekwilibrium** van die lewe of te handhaaf of te herstel. Telkens wanneer iets in die lewe die status quo, ten goede of ten slegte, ontwrig, word rituele gebruik om dit weer in balans te kry. Iemand wat sterf breek die bestaande netwerk wat daar is en net so brei geboorte dit ook uit en maak dit dus anders.

Die **waterrituele in die AICs funksioneer voortdurend om konneksies te maak** en daardie konneksies *is* genesing. Mense word voortdurend gekonnekteer aan mekaar, aan die gemeente, aan God, aan die geesteswêreld en die geesteswêreld weer terug aan die mense. **Deur waterrituele in AICs te beskryf, is net soos in ons eie tradisie soos om 'n net wat onsigbaar is uit die water uit op te trek** en ewe skielik word die hele ragfyn netwerk van verbande en konneksies sigbaar.

So help die water om die verbande te sien, maar die water help ook om die verbande te smee. Ek glo dit is waar van beide die Gereformeerde en AIC tradisie, alhoewel elke tradisie dit op hulle eie wyses doen.

Vanuit die ekonomiese wetenskappe weet ons dat ons hier met **forme van sosiale kapitaal** te make het. Een beskrywing van sosiale kapitaal is: bonding, bridging en linking. Die waterrituele en liturgieë wys hoe lyk die sosiale kapitaal en ook hoe diesulke rituele dit versterk.

Maw deur te beskryf het ons verduidelik wat aan gaan en die net uit die water getrek. Hoekom is dit die geval?

- Aan die een kant wil dit my voorkom asof **God 'n God van konneksies is**. God se Gees bind in en knoop vas en juis ook met die eerste en laaste oorgang in hierdie lewe, m.a.w. soos ons in hierdie wêreld aankom en ook wanneer ons dit weer verlaat.
- Aan die ander kant word dit duidelik **dat rituele waarvan sakramente deel uitmaak, dinge doen**. Rituele kan onder andere oorgange bewerk en veral deur te re-connect. So is rituele instrumente van genesing, om jou weer te koppel sodat jou verbande herstel en ewilibrum weer kom.

Dit gaan aan. En wat ek beskryf is die klein ou puntjie van die ysberg in ons land. Hoekom, wel hier is twee redes, daar is veel meer redes en ten minste 'n proefskrif werd om te kan verken. So, **wat behoort dan aan te gaan?** Ek hou my by my lees en gaan maak 'n Kaapse draai in **die Liturgiewetenskap** vir hierdie sogenaamde normatiewe taak van die Praktiese Teologie.

C. Wat behoort dan aan te gaan?

Simboliek

Wanneer water in verband met die erediens gebring word, beteken dit dat dit nou gaan oor **die simboliek van water**. My bydrae moet dus anders wees as al die ander insette wat julle hier gaan kry. Ja, **die erediens het alles te make met cholera en droogtes en vloede en whisky en sodawater, maar nie op 'n funksionele vlak nie, maar wel 'n simboliese vlak**. Dit gaan dus hier uiteraard oor die simboliek van water.

Simbool of simboliek, etimologies van **sum + balloo**, maw om saam te bring of saam te gooi. En sodra ons saam gooi, dan breek **nuwe betekenismoontlikhede** oop. Betreffende my tema word water en erediens ge-sumbaloo, saamgebring, en sodoende gaan nuwe betekenismoontlikhede oop. En dra die water uit die konsistorie tot in die liturgiese ruimte en alles maar alles verander.

En 'n simbool is **anders as 'n teken**, 'n teken soos 'n stopteken het 'n een-tot-een korrespondensie. 'n Simbool is en wil juis meerduidig en dus polisemanties wees. En verskillende dinge kan simbool wees: 'n klank soos die geluid van water, 'n reuk soos die reuk van reën of die reuk van droogte (vir my die reuk van die modderige loop van die Sondagsrivier), die natheid van water op my vel, of om dit water te sien en natuurlik om dit te proe. En terwyl ons van simbool praat, kom **nog drie sakies** na vore wat ek net vinnig aanraak.

PP

'n Simbool onderskei sigself van teken, 'n een tot een betekenis, ook op grond van nog drie sake:

1. **Deelname**: 'n mens moet partisipeer of deelneem in die simbool, jou self laat meeneem, anders bly jy buite. 'n Simbool vra dus 'n sekere geloof van die deelnemers, anders gaan dit nie kan doen wat dit doen nie. Die Nederlanders praat van “engagement”. In die Teologie praat ons van geloof.
2. 'n Simbool besit wat genoem word **ikonisiteit**: maw in die materie is alreeds iets opgesluit van dit wat gesimboliseer word, byvoorbeeld water as simbool gaan oor afwassing, reiniging, lewe, groei, vrugwater en seën. M.a.w. water is lewe en dit is alreeds 'n inherente eienskap van die element water. Ons bad regtig in water en raak skoon en maak ons tuine nat en drink dit. Maar dieselfde water verdrink, te min water

verdor, 'n vloed verwoes, vuil water maak siek en vernietig. Dus, water is ook simbool vir dood. Water se ikonisiteit is beide lewe en dood. Dit is ook inherent deel van water. Ikonisiteit kom veral uit die Kulturele Antropologie en verwys daarna dat inherent aan die simbool daar alreeds betekenismoontlikhede sit. Soos dors les en verdrink. Dieselfde kan van vuur en as en brood gesê word, maar dit kan nie van alle dinge gesê word nie. Water is vrek spesiaal in hierdie verband en die Bybel en Liturgie het nie om dowe neut spesifiek water gebruik met spesifieke rituele nie.

3. Simbole funksioneer ook derdens binne **kulturele kodes** oftewel binne **konteks**: Maw wat 'n simbool beteken en hoe dit werk is iets wat jy in jou bepaalde kultuur leer. Dieselfde simbool se funksionering en betekenis kan/sal in verskillende kulture verskil. Sodra die konteks verander, verander die betekenis insgelyks. Ek skink water uit 'n houer in 'n glas. Dis 'n funksionele handeling binne 'n gegewe konteks en julle almal sien ek is dors. Ek skink in die erediens in 'n font, selle water van die selle kraan, maar dis 'n ander ball game, die konteks is anders en vanaf die sondvloed tot en met die duif spoel en fladder die simboliek deur die koppe en harte van die erediensgangers. En ek doop met water in die Namib woestyn of ek doop met water in die tropiese hart van Afrika, vir die mense daar verskil die betekeniswaarde wat hulle aan water heg. In die Vrystaat is die aanwesigheid en koms van water merendeels lewe en word water meestal verwelkom. In die provinsie Noord-Holland is die koms en aanwesigheid van water meestal 'n bedreiging en die dood en word daarteen voortdurend geveg.

Hoekom gee ek hierdie vervelige Liturgie hersieningslessie oor simboliek en ikonisiteit? Omdat ek glo dit ons **help om die normatiewe vraag te beantwoord, te wete wat moet aangaan?** En wat moet aangaan? Ons moet **die volgende in ag neem** wanneer om met waterrituele in ons gemeentes werk:

PP

- neem die mense met oortuiging deel?
- wat presies simboliseer die ritueel?
- hoe drasties het die konteks verander?

- En dan en belangrik bring ek my tweede deel nou by: hoe help hierdie rituele om op 'n gebalanseerde wyse die konneksies te lê wat gelê behoort te word.

Dit bring my by my 4de beweging, te wete **wat sal ons doen?**

D. Wat sal ons doen?

Goed, wat sal ons doen? Ek stel enkele stappe voor wat ek sommer 'n **liturgiese oudit noem**:

PP

Stap 1:

Kom ons identifiseer eers **watter koppelings** almal moontlik deel is van die netwerk van koppelings en verbande wat gelê word deur water?

1. God 2. die individu 3. die gemeente as liggaam van X 4. ander mense 5. die wêreld en 6. die aarde. Nie dat ons dit alles uitmekaar kan haal nie, maar ter wille van die oefening is dit nodig.

PP

Stap 2:

Ons maak 'n **grafiek** of tekening van die moontlike koppelings.

PP

Stap 3:

Ons **evalueer eers ons waterrituele en vra op watter vlakke dien ons rituele hierdie netwerk?** Maw waar lê die klem. Kom ons neem as voorbeeld 'n gewone doop in 'n oggenddiens en ons vat daai hele doopdiens as waterritueel. Watter koppelings word gemaak en watter nie?

- Word die feit dat hier 'n bestaande koppeling tussen die dopeling en God beseël word geaksentueer of nie juis nie?
- Koppeling tussen God en die hele gemeente?
- Die gemeente en die dopeling?
- Die gemeente en God?

- God en die aarde, of die wêreld
- Die dopeling en die wêreld of aarde
- Die gemeente en die wêreld of aarde.
- En so kan ek lank aangaan.

PP

In 'n tweede rondte evalueer ons ons waterrituele en vra **welke simboliek staan voorop?**

- Afwassing
- Reiniging
- Opstanding
- Sterwe
- Lewe
- Dors les

PP

Jy sal uit bogenoemde oefening 'n **goeie prentjie** kry rakende die teologiese onderbou van die waterrituele in julle gemeente. Ek noem enkeles:

- Het die vieringe enigiets uit te waai met die **droogte?**
- Het die vieringe enigiets uit te waai met **rassisme?**
- Het die vieringe enigiets uit te waai met **my enigste troos?**
- Het die vieringe enigiets uit te waai met die moontlikheid dat '**liggaam van X**' dalk nie net maar 'n metafoor is nie, maar dalk ook meer.

PP

Oor die praktiese sake kan ons somer net gesels, maar dink oor:

- die **Seisoen van Skepping** op die liturgiese kalender en ons waterrituele? Skeppingsondag. Paas- of opstandingsondag wat tradisioneel en die waterdag van die kerk was.
- wat ek by **ander kerke kan leer** oor hoe hulle dit doen? Ek wil so graag in daai rivier loop spring, meer as eenkeer 'n jaar.
- sal ek dalk maar die **Studiestuk oor Doopherinnering** van die Algemene Sinode wat stil-stil tussen Belhar en die Gay-debat goedgekeur is gaan

lees en begin implementeer en ontdek dat dit alles te make het met beide Belhar en die gay-debat.

PP

'n Bewuste aksent op water in die erediens kan ons nader vat aan 'n **sakramentele lewenswyse. 'n Lewe waarin die gewone en alledaagse van water my voortdurend herinner aan my verbintenis met God, alle ander mense en ook die aarde.** En dat ek voortdurend my skoene moet uittrek. Water is lewe en water is dood. **Ek glo ons waterrituele genees, omdat hulle koppeling maak, ons connect en re-connect. Dit IS genesing. Maar ons moet as teoloë voortdurend sorg dat ons waterrituele dit optimaal doen.**

Daarom glo ek 'n liturgiese oudit kan handig wees.

PP

So vriende, **trek daai nette uit die water.** Bekyk hulle goed, leer daaruit. **En dalk word die oewers van die Grootrivier, wat ek glo die hele Suid-Afrika is, weer daardie plek van hoop soos wat dit vir die San mense was.** 'n Plek van genesing waterrituele die heil en genesing van die kosmos dien...

Dankie!